# Die Olyftak



*Gewilde nuusberigte op ons eie tuisgrond*

Olive Crescent Aftree-Oord, h/v Leanderweg & Olivelaan, Olympus, Pretoria, 0081 Tel: (012) 809 2377 | Cell: 083 381 3475

**VOLUME 15** **JUNIE / JULIE 2024**

**Van die redaksiespan**:

Ná ’n heerlik matige herfs het die winter skielik op ons toegesak. Gelukkig woon ons darem in Pretoria – nie in Sutherland, waar die SALT-sterrewag op 3 Junie in ’n mistige sneeukleed getooi was nie. Hier by ons is sonnige dae en spatsels kleur dwarsdeur die winter te sien; ons moet maar net om ons rondkyk.

**Voorsittersbrief**:

Winter is die tyd van skoonmaak en snoei. Ons wag vir ’n dag of wat se snerpende koue, om die goggas dood te maak; andersins geniet ons die middagete-braai op ’n sonnige stoepie. Op 22 Junie het ons die langste nag van die jaar. Dis hierdie tyd wat mens so ’n onrustige verlange gee, na die veld waar die bokke loop, die soel-warm winterson, die kampvuuraande en die lekker jagdinge. (PJ Schoeman)

*We greatly appreciate Melanie Britz’s offer to ‘resuscitate’ our Facebook page (in fact, it is already alive).*

*Olive Crescent residents are voluntarily involved in various activities in the Village – weekly bio-exercise classes, rummikup- and darts afternoons; monthly Bible study, morning breakfasts and women’s gatherings; and annually the ‘cake sales’, the ‘pannekoek’ and ‘vetkoek’ days, and the Christmas braai.* Toe kom Jan en Helene se skitterende ‘herfsbraai’ ook hierdie jaar op 27 April. Die waarheid agter hierdie aktiwiteite is dat ons Oord se inwoners, vrywillig so passievol bydra om ons plek aangenaam te maak – vir ons almal in die Oord. Genieting is beloning daarvoor.

Hierdie maand gee ek graag ’n olyftakkie aan Retire at Home, wat al meer as ’n jaar lank *Olyftak* gratis vir ons druk; ook ’n spesiale groen takkie aan die redaksiespan, vir die kundige samestelling en kleurvolle versorging van ons nuusbrief.

> Vermoë bepaal wat jy kan doen; motivering bepaal wat jy doen; gesindheid bepaal hoe goed jy dit doen. (Lou Holtz)

***Load Shedding: The latest information is that December ’24 is the new timeline for completion of the Wapadrant substation Upgrading Project. Please prepare for the inconvenience of load shedding thereafter. Solar system installations, gas appliances, domestic solar lights, and battery packs / power banks (for cell phones) are all available alternative options. Forewarned is forearmed!***

Arie Korf – 082 450 6959

## Toekomsgesprek en Strategiese Beplanning

Dit is seker net realisties dat mens aan die begin van ’n verkiesingsjaar soos 2024 op die nasionale vlak terug- en vorentoe kyk en besin oor watter soort toekoms ons te wagte kan wees. Ook in die kleiner konteks van die Oord waar ons woon is dit sinvol om te dink oor waar ons vandaan kom en watter rigting ons wil inslaan met die oog op ons toekoms hier.

In dié verband is gesprekke gevoer – eers informeel en verkennend, later meer gestruktureerd en doelgerig – oor die pluspunte en gebreke van ons Oord. Vrae wat ter sprake gekom het, is onder meer “Waarom woon ons hier?”, “Wat werk vir ons/werk nie vir ons nie?” en “Wat kan ons doen om dinge beter te maak?”. So ’n toekomsgesprek, wat op 28 Februarie hier in die Oord plaasgevind het, het gelei tot die formulering van ’n **visie** vir Olive Crescent, wat die Raad van Trustees tydens ’n vergadering op 19 April aanvaar het:

Olive Crescent – ’n samehorigheids- en toekomsgerigte gemeenskap, in ’n veilige, mooi, goedversorgde en bekostigbare oord, met goeie verouderings-ondersteuningsfasiliteite.

Deelnemers aan die gesprekke was dit eens dat Olive Crescent vir ons ’n voorkeur-woonplek is, om redes soos die volgende: veiligheid, dierevriendelikheid, gesondheidsoorwegings, goeie ligging, goeie administrasie, groepsdinamika, interne sekuriteit en effektiewe bestuur.

Die vernaamste aspekte waaraan meer aandag gegee moet word, is sosiale geleenthede vir inwoners, sosiale aandag aan verswakte bejaardes, spysenering en kommunikasie. Verskeie inisiatiewe is al reeds aan die gang, of is onder oorweging.

Daar is sewe kriteria waarteen ons visie gemeet kan word;
die Algemene Jaarvergadering is dalk ’n goeie geleentheid vir die lede om die relevantheid daarvan te oorweeg:

1. Pas aan by nuwe behoeftes – hou tred met veranderende omstandighede.
2. Optimum benutting van spasie
3. Hou by met groen omgewing.
4. Optimaliseer ons belegging.
5. Moenie stagneer nie – bly ontwikkel en gestimuleerd.
6. ’n Veilige, ondersteunende, laaste blyplek.
7. Olive Crescent moet die ‘nommer 1’ aftree-oord bly.



## OORDSTATISTIEK *VILLAGE STATISTICS*

Eenhede te koop: 3 (#53, #61, #81) Eenhede verkoop: 2 (#16, #80)

Eenhede te huur: 1 (#27)

Reef – Etes voorsien: April – 1154

R@H – Bedokkupasie in April – 8 pasiënte; geen noodoproepe nie

## TEGNIES – SKT

Grondwater is redelik algemeen in die Bronberggebied. Die waterinsypeling wat ons in die hyserskag by Blok B aangespreek het, is bewys hiervan. ’n Oorsig van geografiese inligting in die Pretoria-gebied (Departement of Mines – Geological Survey, H. Jansen Dec 1977) toon aan dat daar lae van skalie voorkom wat dreinering van reënwater beperk. Hierdie inligting is egter slegs oorsigtelik en nie spesifiek tot Olive Crescent nie. Daar kan egter afgelei word dat skalielae die primêre oorsaak van ons grondwaterprobleem kan wees.

Die effek daarvan bokant die grondoppervlakte is veral sigbaar in die wit kalkagtige neerslag op plaveisel en in die vorm van verf wat afdop en verswakking van pleister veroorsaak. Die oord ervaar al vir ’n geruime tyd probleme van hierdie aard. Die oplossing lê in die installering van dreineringstelsels om die grondwater weg te lei. Ons het ’n kundige genader om die omvang van die probleem in Olive Crescent te bepaal. Vir hierdie doel gaan drie of vier gate in die Oord geboor word, om die diepte van die watertafel te bepaal. Aan die hand van daardie inligting kan verdere aandag oorweeg word.

**Anton Joubert**

## SEKURITEIT – SKS

Soos in die vorige *Olyftak* bekendgemaak, is die interkomstelsel by die hek vir ’n proeftydperk gedurende Meimaand gebruik om aan huiswerkers toegang te gee.



Dié proeflopie was – ondanks enkele haakplekke aan die begin – suksesvol. Daar is gevolglik besluit dat die interkomstelsel voortaan die wyse van toegang sal wees vir die werknemers wat nie met vingerafdrukke toegang kan verkry nie.

Die vingerafdrukstelsel was ongelukkig omslagtig om te administreer en nie baie suksesvol nie. Opgradering daarvan sou te duur wees, daarom die gebruik van die bestaande interkomstelsel vir dié doel.

Die nuwe reëling bring ’n einde aan die praktyk dat mense sommer net by die hek ingelaat word.

Dit is veiliger en gee elke inwoner beheer oor toegang by die hek vir hul eie werknemers.

Aangesien inwoners sekerlik bewus is van die tye waarop hul werknemers vir diens aanmeld, moet hulle maar net seker maak dat hulle hul telefone byderhand het om die oproep te kan beantwoord om die hek oop te maak. Andersins sal die werknemer die register moet teken om toegang te kry.

Nadat die hek oopgemaak is (deur **9** te druk op die foon) sal inwoners per SMS 'n kode ontvang wat aan die werknemer gegee moet word sodat hy of sy weer daarmee by die hek kan uitgaan.

Almal word bedank vir hul goeie samewerking in belang van beter sekuriteit.

**Piet van Deventer**

## INWONERSAKE – SKI

Net soos die dames elke maand bymekaar kom, kom die manne elke eerste Woensdagoggend van 'n maand bymekaar om saam ontbyt te eet. Ted Stilwell van eenheid 44 reël hierdie byeenkomste. Al die manne is welkom; jou ete word op Reef se rekening geplaas vir betaling aan die einde van die maand.



Ons besef die manne in ons mooi Oord is in die minderheid en daarom is dit belangrik om hierdie inisiatief te ondersteun. Die spyskaart word afgewissel en ons poog om dit vir die manne ook 'n lekkerte te maak om saam aan te sit vir ete.

Ons gaan eersdaags nuwe intrekkers kry in eenhede 80, 77, 43, 27 en 16.
Aan al die bure – laat hulle asseblief welkom voel!

Nog 'n inisiatief wat ek onder jul aandag wil bring, word geloods deur Karin Terblanche (#57). Sy het begin met 'n Gideonsbende vrywilligers wat ingedeel word om die permanente inwoners van die Sorgsentrum te besoek. Sy het die groep bymekaar gebring en oulike idees is uitgeruil.



Ons vra mooi dat meer persone vorendag sal kom om ook so 'n verskil te maak vir hierdie mense wat in hul laaste lewensfase is. Jy hoef net 2 besoeke te doen in die week wat aan jou gegee is op die rooster. Dit kan ook mans wees. Kontak gerus vir Karin, sou jy belangstel. Jy word ook in die proses geseën.

Inwonergroete **Gezina Lombard**







## DIENSTESENTRUM – SKD

Tydens 'n trusteevergadering op 30 Mei is die Staande Komitee: Dienstesentrum aangevul met vier dames. Hulle is Charlotte Joubert, Kitty Scholtz, Martie Kritzinger en Melanie Britz. Hulle sal Elly van Zyl bystaan, met die hoof-fokus op die spysenieringsdiens en die kwaliteit daarvan aan ons inwoners. Ons het groot waardering vir hul bereidheid om vrywillig hierdie diens aan die Oord te lewer.

* * * * *

Wat gesondheidsorg in ons Oord betref, kan ons maar net weer benadruk hoe belangrik dit vir elke inwoner is om 'n werkende **paniekknoppie** te hê vir daardie onverwagse noodgeval.

Daar is met Retire at Home gereël om deurlopend, volgens 'n vaste rooster, te toets of die paniekknoppies behoorlik werk. Foute, soos dat 'n noodsein nie by die waghuis sowel as in die sorgsentrum ontvang word nie, word aan die SKS en SKT gerapporteer om reggestel te word. In dié verband sê ons dankie aan Piet, Anton en Corrie.




Elke inwoner moet asseblief vir hom-/haarself die volgende vrae vra:

– Weet ek waar my paniekknoppie is?
– Sal ek die knoppie kan bykom as ek binne (in die badkamer, byvoorbeeld) of buite sou val?
– Hoe ontbied ek hulp as ek nie in 'n noodsituasie die knoppie kan kry of bykom nie?

Dankie vir elkeen se samewerking wanneer daar "op jou knoppie gedruk word" om die stelsel te toets.

**Elly van Zyl**

## OMGEWINGSAKE – SKO

Winter is die seisoen wanneer alles so 'n bietjie stadiger gebeur – ook die tempo waarteen die gras groei.



JoMo volg dan ook 'n winterrooster vir hul grassnyprogram, wat beteken ons grasperke sal gesny word in die weke van 10–14 Junie; 24–28 Junie; 8–12 Julie; en 22–26 Julie.

Vullissakke word op weeksdae deur die tuinwerkers verwyder; plaas dit asseblief teen 07:00 voor u deur.



Wat tuindiens betref, word die drie werkers individueel aan eenhede toegewys volgens 'n rooster wat in die eetkamer ter insae is. Probeer asseblief gereed wees om met u werker oor u tuinwerk-voorkeure te kommunikeer wanneer hy by u eenheid aanmeld. Spesiale versoeke kan net op Vrydae aandag geniet.

Net nog een versoek: Ry asseblief stadig en versigtig in die Oord, in belang van ons almal se veiligheid.

**Roelf van Tonder**

## UIT DIE UIL SE HOEK — *FROM THE OWL'S CORNER*



1. Once all villagers decided to pray for rain. On the day of prayer, all the people gathered, but only one boy came with an umbrella. That is faith.

2. When you throw babies in the air, they laugh because they know you will catch them. That is trust.

3. Every night we go to bed without any assurance of being alive the next morning, but still we set alarms to wake up. That is hope.

4. We plan big things for tomorrow in spite of zero knowledge of the future. That is confidence.

5. We see the world suffering, but still, we get married and have children. That is love.

6. On an old man's shirt was written a sentence "I am not 80 years old; I am sweet 16 with 64 years of experience." That is attitude.

## LIEF & LEED — *LOVE & LOSS*



**Ons verwelkom** 'n **nuwe intrekker –** Anna-Lucia van der Merwe (#16).

Ons vertrou jy sal lank en gelukkig hier in Olive Crescent woon.



*In memoriam*

Ronel, oudste dogter van Roelf en Rina Smith (#10), is op 17 April skielik oorlede.

Ons betuig hiermee ons diepe meegevoel met haar familielede en vriende oor hierdie hartseer nuus.

'n Versoek is ontvang dat die volgende nota in die *Olyftak* geplaas word: [– Red.]

*Namens Roelf, Rina en ons familie, bedank ons die inwoners van Olive Crescent vir hulle liefde, omgee en bystand tydens ons dogter, Ronel, se afsterwe.*
*Ons het dit baie waardeer.*

**Hartlike gelukwense aan inwoners wat in Junie en Julie verjaar –**

Lorraine van Rooyen – #21 (03/06)
Willie Lombard – #37 (07/06)
Benita Hughes – #5 (07/06)
Joyce Calitz – #74 (12/06)
Vicky Mentz – #46 (13/06)
Petro Potgieter – #30 (25/06)
Jan Schuurman – #20 (26/06)
Gerhard Swart – #7 (26/06)
Gretchen Lademann – #45 (29/06)
Erlo Lademann – #45 (01/07)
Marlene van der Merwe – #55 (10/07)
Helen van der Merwe – #70 (12/07)
Avril Fernandez – #75 (13/07)
Gezina Lombard – #60 (13/07)
Anna-Lucia van der Merwe – #16 (18/07)
Roelf van Tonder – #26 (18/07)
Roelf Smith – #10 (21/07)
Marie Botma – #77 (23/07)
Elly van Zyl – #52 (24/07)
Corrie Nelson – terrein (29/07)
Arie Korf – #57 (30/07)



Moedersdag het gekom en gegaan; oral het ek gehoor hoe die moeders bederf is deur kinders of gades.

Ek wil net weer, langs hierdie weg, iets beklemtoon: **Elke dame** wat in Olive Crescent woon, is outomaties lid van die Damesklub. Jy betaal nie ledegeld nie, jy kom net. Dit is elke eerste Woensdag van die maand om 14:30 (of as daar anders besluit word met uitstappies, ens.) Jy is genooi en só welkom.

Ons het 'n opwindende tydjie agter die rug en wil ook vir Maryn van Staden, Pieter Delport, Rink van Cleef en Fanie Lombard hartlik bedank dat hulle ons kom help het met die **vetkoekverkope**. Dis 'n bewys dat ons manne ook positief ingestel is teenoor wat die dames aanpak.





Ons **uitstappie** Rademeyers toe was só spesiaal. Ons kon so lekker ontspan in die natuur en mekaar se geselskap geniet.



Ons gaan in Julie **pannekoek verkoop** en sien nou al uit na al die gesels en kwinkslae.

Dankie vir al die ondersteuning wat ons so mildelik van almal ontvang. **Gezina Lombard**

## DAGBOEK & SAMESYN *DIARY & SOCIAL EVENTS*




| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| DAMESKLUB | 1ste WOENSDAGMIDDAG van ELKE MAAND 14:30 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS DINSDAE 09:00 en VRYDAE 09:00 |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| VEERPYLTJIES | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00<br>In die SITKAMER van die OORD<br>Onder Leiding van Ds ANDRé de VILLIERS |

## Packaged **Care**

Designed to create stability in long term care. These monthly packages are payable in advance and do not require a deposit.

Feature

- Every day, Monday to Sunday
- Choose between three options
- Pay the same amount each month
- Includes monthly Doctor visit

| | |
|---|---|
| **Bath Package Peak**<br>**Between 05:00–10:00** | **R 750** |
| **Bath Package Off-peak**<br>**Between 10:00–12:00** | **R 530** |

## **Care** as needed

An assessment and quotation is required before service can start.

- No bundled products, just care as needed
- No minimum days per week
- Minimum hours (location determined)
- Flexible contract term

| | |
|---|---|
| **Monday to Saturday** | **R58/hour** |
| **Sunday Time** | **R87/hour** |
| **Public Holiday** | **R116/hour** |

50% deposit payable before service can start. This deposit will be retained and applied to final invoice. Services used will be invoiced and is due at the end of the month. Minimum hours will be discussed during the assessment.

Retire at Home
Professional homebased care and training

**0860 766 949**

**www.retireathome.co.za | info@retireathome.co.za**

